NOTULE

9 Januarie 2017 te Brander straat

TEENWOORDIGHEID

- **Walter Kurten (WK)**
- **Adriaan van Wyk (AvW)**
- **Hettie Jooste (HJ)**
- **Riekie Pienaar (RP)**
- **Fanie Groenewald (FG)**
- **Joe Meyer (JM)**
- **Lana Pepler (LP)**
- **Otto Pepler (OP)**

1. OPENING & VERWELKOMING Die voorsitter verwelkom almal teenwoordig en open die vergadering met gebed.	WK
2. VERSKONINGS - Riekie Pienaar	
3. AANVAARDING VAN VORIGE NOTULE Die notule van die vorige vergadering is aan al die lede uitgestuur en word eenparig aanvaar met veranderinge	
4. PORTEFEULJES 2017 Portefeuljes is uiteengele vir elke lid van OIV vir 2017. Almal aanvaar hulle portefeuljes. Portefeulje is as ’n addendum aangeheg.	
5. OMGEWINGSAKE/BESTUURSPLAN Joe Meyer gee terugvoering op die huidige omgewings projekte. Die oopskraap van die Slangrivier is naby voltooiing. Daar is beoog om die Slangrivier oop te maak tot by die lagoon in ’n week se tyd. Daar is 1.9 miljoen aangevra om die sand muur te voltooi asook R800 000 vir sand verskuiwing. JM sal ’n vorderings plan opstel en voorlê aan N. Dadamasi vir die volgende Kouga munisipale vergadering. N Besigheidsplan is saamgestel met Oesterbaai projekte en begrotings. Dit is deur gestuur na N. Dadamasi. vir konsiderasie om te inkorporeer in die besigheidsplan van die Departement van Omgewingsbestuur. Daar sal beslis word of die geld beskikbaar gemaak sal word aan Oesterbaai by die volgende	JM

Coast care vergadering. FG maak ’n voorstelling om ’n projek span saam te stel om JM te help. JM is in goeie samewerking met Elza van Lingen om Oesterbaai te ondersteun met die huidige projek. JM is ook in samesprekings met Kouga windplase vir moontlike donasies asook van inwoners van Oesterbaai.	
6. WATERVOORSIENING OP gee terugvoering op huidige stand van water in Oesterbaai. Daar was ’n water lekkasie gewees en dit het gelei tot ’n water tekort in Oesterbaai gedurende die Desember vakansie tyd. Dit was genoodsaak om water aan te ry om die reservoir in Oesterbaai tot by ’n aanvaarbare vlak te kry. Jan/Sakkie Steinberg het sy water trokke beskikbaar gestel om water aan te ry. 20 Trokke water is aangery teen R 1 750 per trok. Steinberg sal ’n faktuur stuur na Deon du Toit by Kouga munisipaliteit. HJ sal fasiliteer. Die water situasie is nou stabiel. Die water vlakke styg geleidelik. Die fonteine is nie meer so sterk soos vorige jare nie. Eddie van Kouga waterwese sal Oesterbaai help met kort termyn projekte. Paulus is ’n permanente inwoner in Umzamowethu. Hy is tydelik aangestel om met die water te help en het ’n redelike goeie kennis van hoe die water stelsels werk in Oesterbaai. OP vra dat daar gekyk word om hom ’n permanente posisie aan te bied. OIV het ’n funksie gehou vir die werkers wat gehelp het met die water in Oesterbaai. FG het ’n sertifikaat vir elkeen ontwerp en OP het die rame gedoneer. Dit is oorhandig tydens die funksie om waardering te toon. JM stel voor dieselfde moet gedoen word vir die mense wat aan Oesterbaai se paaie werk.	OP
7. GEMEENSKAPSAAL HJ het ’n versoek geplaas om 10 nuwe tafels vir die saal aan te koop aangesien die huidige tafels in haglike toestand is. Dit is deur almal eenparig goedgekeur. FG is in die proses om die spesifikasies te kry vir die naambord wat opgerig sal word vir die gemeenskapsaal	HJ
8. AFVALSTORTINGSTERREIN	JM/LP

Die beplande nuwe drop-zone is besig om deur ’n tender proses te gaan by Kouga. N. Dadamasi sal ons op hoogte van sake hou sodra ’n kontrakteur aangewys is. JM stel voor daar word solank gedink aan sosio-ekonomiese projekte vir die gebruik van die recycle materiaal by die beoogde nuwe drop zone.	
9. FINANSIES Daar is tans ’n bedrag van R58 000 in die OIV rekening. HJ sal ’n dokument uitstuur aan lede van DOU om dit te ontbind HJ is tans die enigste persoon met volle teken reg. Sy stel voor ’n tweede persoon word aangewys om teken reg te bekom JM stel voor dat enige toekomstige beoogde projekte met ’n begroting groter as R10 000 moet hy as beers in kennis gestel word. Dit was ’n rekord jaar vir OIV met die hoogste aantekening van lede. Daar is tans 200 lede aangeteken en ’n totaal van R6 600 ingesamel. HJ is tans besig om al die persoonlike inligting van inwoners in Oesterbaai te konsolideer en ’n kommunikasie lys op te stel. Daar sal vir die jaar weereens kommunikasie gestuur word deur sms of whatsup. Tydens die Desember seisoen is daar R 2 958-00 se wins gemaak op die T-hemp verkope. Die Kersmark was ’n groot sukses. Die volgende geld is ingesamel vir respektiewe afdelings Honde kompetisie: R 986-00 Pret hardloop: R 1440-00 Tafels: R 1300-00 Kerkdiens: R12 592-00	HJ
10. KOMMUNIKASIE/NUUSBRIEWE FG bring na almal se aandag die uitstaande nuusbrief . Dit sal aandag geniet. JM stel voor die hoogte punte van die projekte en kersmark uitgelig word. Die nuwe nuusbrief sal uitgestuur word sodra FG die opgedateerde lys van inwoners by HJ ontvang. OP stel voor die	FG

nuusbrief word gebruik as kommunikasie middel om mense op te roep om deel te wees. Hy stel voor ’n foto kompetisie. Mias, is die administrateur van die Oesterbaai webblad is tans besig om die webblad netjies te maak.	
11. BRANDWEER Daar is gevra om ’n vergadering opstel tussen Mark mans en Choppie om duidelikheid te kry oor waar al die brandweer toerusting gehou word FG en WK sal ’n vergadering saamstel om die noodplan uit te klaar Die IDP stel voor meer water punte word opgestel	FG/WK
12. PAAIE Groot klippe en rotse sal verwyder word	JM
13. KERSMARK Daar was ’n groter belangstelling en besoek by 2016 se kersmark. N Spesiale dank is gee aan JM vir die skoonmaak en voorbereiding vir die terrein vir die kersmark tent. Die Morelleta Park deelname in die kersmark was ’n groot sukses. Die pretloop is geniet deur almal en het ’n goeie deelname getoon.	FG
14. UMZAMOWETHU AvW noodsaak die uitklaring van zoning in Umzamowethu. Hy sal in gesprekvoering tree met die ward consultant Xolani. AvW het ’n mosie van wantroue ingehandig teen die kindertuin bestuurder Ani Goede. AvW het duidelikheid oor die ERF 531. Dit is nie ’n sjebeen nie maar is ’n skoen winkel. Die Kersfees partytjie het struikelblokke gehad weens die bywoning van kinders buite Oesterbaai wat veroorsaak het dat daar nie genoeg kerspakkies beskikbaar was vir al die kinders in Oesterbaai nie. Chritene Wyatt het die persente gedoneer vir 2016. Dit sal vir 2017 verander. Die netbal area is geallokeer en sal volgende week opgestel word.	AvW
15. VOLGENDE VERGADERING	

Dit sal bespreek word	
16. AFSLUITING Die voorsitter bedank almal vir hulle bydraes vir 2016	WK

NAAM/NAME	PORTEFEULJE / PORTFOLIO
Walter Kurten VOORSITTER/ CHAIRMAN	Kommunikasie/ Communication Skakeling / Cooperation
Lana Pepler SEKRETARESSE / SECRETARY	Agendas en Notules Opdatering van vorms Opstel van briewe Afvalstortingsterrein
Hettie Jooste TESOURIER/ TREASURER	Finansies/Finances Gemeenskapsaal/: Community Hall Besprekings, Herstelwerk, Invoices , en algemene take Toilette/Toilets Water Tuine/Gardens (saal tuin word behartig deur Elmarie Stoffberg) Uitstuur van nuusbriewe en ander kommunikasie Opdateer van adresse Lewensredders Spesiale projekte/funksies Inlig van gemeenskap rakende vergaderings/byeenkomste van groepe waarby gemeenskap belang het Ander algemene take/ Other general tasks
Hannes Botha	Fondsinsameling Fundraising Omgewingsake/ Environmental Affairs
Joe Meyer	Omgewingsake/ Environmental Affairs Paaie/Roads Fondsinsameling/ Fundraising Afvalstortingsterrein
Adriaan van Wyk	Umzamowethu
Otto Pepler	Water Fondsinsameling/ Fundraising
Riekie Pienaar	Afvalstortingsterrein Vullisverwydering Toerisme - Bemark Oesterbaai Sorg dat ledegeld betyds betaal word. Kersmark: Eventgoedkeurings Sameroeper van Kersmarkkomitee. Brandweer Kletsklub kuierblad Spesiale projekte/funksies
Fanie Groenewald	Skool/School Opstel van nuusbriewe en plasing op webblad via Mias Plasing van nuusbrokkies op webwerf Kersmark: Bemarking